N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 10

6 Maart 2022

Dit is tyd om te bid
(Gary Kieswetter)

"Begin net bid, al kan jy nie. Begin net die Here aanroep, al wil jy nie. Laat daar 'n passie in jou hart ontvlam."

Wat kan ons leer uit al die herlewings wat God vir SA gegun het? In 1859 het 3 NG-predikante bymekaar gekom en besluit hulle moet 'n reeks preke oor die karakter van God, die rol van die Heilige Gees en die behoefte aan gesamentlike en private gebed vir die uitstorting van die Heilige Gees doen. 'n Boek oor die krag van gebed is ook wyd en syd versprei en verskeie artikels oor gebed is in De Kerkbode en De Wekker gepubliseer, maar steeds het daar maar net twee of drie mense toe gekom. Die Christene was louwarm. Huller was tevrede met vormgodsdiens en het geen behoefte aan gebed gehad nie. Hulle het ook nie geglo dat gebed herlewing kon bring nie.

In April 1860 is toe 'n konferensie oor herlewing gehou en dit is tydens hierdie konferensie dat herlewing begin het. Maar dit het nie net by konferensiegangers gebly nie, God se Gees het oral op mense geval: op straat, in die landerye, in hulle huise, by hulle werkplek. Hulle het spontaan op hulle knieë neergeval en na God uitgeroep met kort kragtige gebede vanuit 'n gebroke hart: "Here verlos my van my sondes." "Here, help my om van hierdie gewoontes ontslae te raak." "Here verlos my siel." "Here help my!" "Here, kom my tegemoed." Die meeste het gesê: "Here, ons smag na U. Ons hart en siel dors na U, die lewende God." God kan so 'n geestelike honger en dors nie weerstaan nie.

Gebruik wat jy tot jou beskikking het om deel te wees van God se oes. Gebruik die bietjie geloof, die bietjie ywer, die bietjie honger, die bietjie dors, gebruik dit. "Readyness and ability does not come before the work of God. It comes by doing the work of God."

Ps 34:19 sê:"Die Here is naby die wat gebroke is van hart en Hy verlos die wat verslae is van gees."

Gebed is 'n hartsaak. God is naby dié wat gebroke is van hart. Laat jou hart na God toe uitroep. Hy is ook naby dié wat verslae van gees is om hulle te verlos. In Ps 51:19 staan: "Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"

God laat ons herlewe

Jes 57:15: "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is Sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."

Here, ons vra in die Naam van Jesus, laat die Gees van gebed op ons nasie val. Laat ons harte oorloop van entoesiasme, met 'n hartskreet na U. Skenk ons weer herlewing o Heer. Tot U eer! Amen.

Dankie!

Vir die voorreg om 'n verhouding met God te kan hê!
Dat ons met vrymoedigheid in Sy teenwoordigheid kan staan!
Dat Hy die Een is wat herlewing bring!
Dat Hy naby die is wat gebroke en verslae is van hart!
Vir die oorvloedige reën oor groot dele van ons land!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotzé – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing en herstel.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen de Guay – vir volkome herstel en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.

- Ons innige simpatie met Deon, Antjie, kinders en familie met die afsterwe van Deon se pa.

.

Gedagte vir die week:

“Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking.”
Jak 5:16

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org